# KOMMUNIKAMMA 19 APRIL 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**

Ons as gemeente beweeg weg van die Broadcast groepe a.g.v. die koste wat daaraan verbonde is. Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak my gerus indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**

**<u>Sondag 19 APRIL</u>**
**08:30 EIETYDSE DIENS POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE (Graad 1-3 kategese vind plaas tydens die erediens)**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** My Klein Kollig vir die Koning
**Skriflesing:** Joh. 8:12 - 20

**18:00 LEEF@KERK**

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Radio Feba**
**<u>FEBA RADIO</u>**
Feba Radio se roeping is om, deur die media, mense te inspireer om Jesus te volg. Feba saai uit na 50 lande, in 152 tale, het 260 radiostasies en ontvang jaarliks 150 miljoen luisteraar reaksies. Hul saai hierdie jaar al 30 jaar in Afrika uit.

**<u>Maandag 20 April</u>**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**17:30 MUSIEKBEDIENING DIENSTERREIN**
**18:00 GEMEENTEBEDIENING DIENSTERREIN**

**<u>PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK</u>**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek 'n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.
Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**<u>Dinsdag 21 April</u>**
**17:30 EIENDOMME DIENSTERREIN**

**<u>Vrydag 24 April</u>**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

**<u>Sondag 26 April</u>**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**

- Dankie vir die heerlike reën van verlede naweek.
- Elaine Greyling, Elna Thiart, Willem Landman, Willie Moller, Etienne Nel en Eugene Owen is in die hospitaal of was die afgelope week in die hospitaal.
- Vir die Here se hulp en leiding in mense en gesinne se lewens wat groot uitdagings ervaar. Dat Hy ons sal gebruik waar nodig en toerus met wysheid om die regte hulp te verleen en/of raad te gee.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Dat die skietstaking die begin sal wees van langtermyn vrede

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Kom ons bid saam vir ons wêreldwye familie die week.
Bid vir Christene regoor die **MENA** streek wat tans in lewensbedreigende situasies is, dat God hulle sal bemoedig deur Sy beloftes. Bid dat alle gelowiges wat vervolging in die gesig staar, die wysheid en krag sal ontvang om te weet dat selfs hulle lyding tot God se eer is.

**<u>FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK</u>**
FEBC Radio Liangyou saai al vanaf 1949 die evangelie uit na China – aanvanklik deur kortgolf, en nou ook aanlyn. Spanne in Kanada, die VSA, Taiwan en Hongkong vervaardig die programme wat hoop wil bring in ’n moeilike politieke en ekonomiese klimaat, en wat gesinne wil help om hul verhoudings met behulp van Bybelse beginsels te versterk. Bid vir die FEBC Chinese Bedieningspanne, wat uitdagings in hul eie lande ondervind, en vra dat elke program die evangelievuur in luisteraars se harte sal aanwakker

**<u>SELGROEP VIR OUERS MET JONG KINDERS</u>**
Ons wil graag ‘n selgroep begin vir ouers met jong kinders. Omrede enige bymekaarkoms in die aand vir mense in hierdie fase uitdagend is, is die plan dat hierdie groep op Sondagmiddae 16:00 bymekaarkom. Indien jy belangstel in so bymekaarkoms, of meer inligting verlang, kontak gerus Ds Toit Wessels

**<u>MTR SMIT KINDERHUIS</u>**
Indien jy die vreugde van die verjaarsdagvieringe van MTR Smit Kinderhuis wil ervaar, kan jy gerus vir Debah van Eeden (082 933 2443) kontak. Ons huis is die tuiste van 11 pragtige dogters, en ons probeer elke verjaardag spesiaal maak deur cupcakes, eetgoed en koeldrank te voorsien. Jou betrokkenheid kan 'n groot verskil maak in die lewens van hierdie dogters. Of jy nou as 'n selgroep, vriendegroep, of individu deelneem, jou bydrae sal 'n impak hê en 'n glimlag op die gesigte van hierdie dogters bring.

**<u>KERMIS</u>**
Ons kermis vind hierdie jaar op Saterdag 20 Junie plaas.
**<u>WIT OLIFANTE</u>**
Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis van 20 Junie. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**<u>NUWE LIDMATE</u>**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet.  Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**SAAMRYGELEENTHEID GESOEK**

'n Senior dame in ons gemeente is sedert 1985 betrokke by Despatch Voortrekkerkommando. Sy is nog betrokke by die afronding van Presidentsverkenner-kandidate, maar sy het nie vervoer Despatch toe op 'n Vrydag nie. Sy soek iemand wat bereid sal wees om haar op 'n Vrydagoggend of-middag Despatch toe te vat. Sy het reeds 'n geleentheid terug. Sy sal petrolgeld en iets vir die moeite bydra. As jy kan help, kontak asb. met die kerkkantoor.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 19 April | Lehan Cloete, Sakkie Potgieter, Malan Smith, Tyli van Niekerk en Rudi van Niekerk |
| 20 April | Wendy Jackson, Thelma Nel en Poenie van der Merwe |
| 21 April | Nico de Klerk, Dyl de Lange, Hester Geissler, Gerida van der Merwe en Chantel Viljoen |
| 22 April | Marius Jansen van Rensburg, Jaco Maree, Lucian Pienaar, Styn van Deventer en Chris van Zyl |
| 23 April | Shani Beneke, Dirk Haarhoff jnr., Kristien van Schalkwyk, Ellené van den Heever en James von Wielligh |
| 24 April | Jack Geyser, Willie Landman en Jacques Robson |
| 25 April | Retha Bezuidenhout, Line Buchner, Yolande le Roux, Christian Luckhoff, Johan Schutte, Nici Snyman, Munroux van Rooyen, Johan van Zyl en Ruaan Watson |

**Ons wens tannie Sarie Lahoud geluk met haar 91ste verjaarsdag wat op sy op Woensdag 15 April gevier het.**

**VERLORE BYBEL**

Daar het na Sondag 'n grootdruk Bybel met 'n leeromslag in die kerk agtergebly. Kontak die kerkkantoor indien jy dink dat dit aan jou behoort.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005